



Vuk'uzenzele

GRATIS

'n Produk van die Departement van Kommunikasie (GCIS)

Afrikaans/Engels

Mei 2015



Vanaf die Uniegebou

Bl 3



Die Regering pak TB

Bl 5



Nuwe bouprogram skeep werk

Bl 8

Verbetering van plaaslike regering

Ongezwa Manyathi

Behuisingsontwikkelings

het op-en-wakker gemeenskappe met geriewe soos crèches, klinieke en skole geskep.

Die Regering het ook oor die afgelope vyf jaar byna 500 informele nedersettings vervang met behuising van gehalte en basiese dienste.

"Ons het sedert die aanvang van demokrasie aansienlike vordering gemaak om ons belofte van huise, veiligheid en gerief, soos vervat in die Vryheidsmanifes, gestand te doen," sê President Jacob Zuma.

Hy het gepraat tydens die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (Salga) se Nasionale Vergadering van Lede (NVL) wat onlangs in Midrand gehou is.

Die NVL is 'n byeenkoms waar leiers van plaaslike regerings oor die vordering in plaaslike regering besin en maniere vind om plaaslike regering en dienste te verbeter.

Die tema van vanjaar se byeenkoms was *Die Viering van 15 Jaar van Demokratiese Plaaslike Regering*. Die tema is 'n terugkeer na die basiese beginsels om ontwikkeling en plaaslike regering wat op mense gerig is te konsolideer en te verdiep."

Die President sê verskeie gemeenskappe sien reeds vordering in die sin dat hulle basiese



President Jacob Zuma sê baie meer moet gedoen word om die lewens van Suid-Afrikaners te verbeter.

dienste ontvang.

"Die 2011-sensus het bevestig dat ons reeds wesentlike vordering gemaak het om basiese dienste te lewer. Die jongste verslag oor die nie-finansiële sensus van munisipaliteite wat op

2 September 2014 vrygestel is, bevestig hierdie vordering," sê hy.

Volgens die verslag het die dienste wat munisipaliteite lewer armoede verlig.

Die verslag toon dat 5,3 miljoen huishoud-

ings gratis basiese dienste ontvang en dat van die 11,8 miljoen mense wat basiese waterdienste ontvang, 2,5 miljoen by ondersteuning vir behoeftiges baat. Behoeftige huishoudings is dié wat vir kortings of subsidies kwalifiseer.

Tien miljoen verbruikerseenhede ontvang tans riolering en sanitasie van munisipaliteite in Suid-Afrika en 31,1% van hierdie verbruikerseenhede het toegang tot gratis basiese riolering en sanitasie.

"Hoewel die lewens van miljoene mense sinvol verbeter het, is daar baie ander wat nog wag dat hul lewens moet verbeter.

Hulle wil water, elektrisiteit, behuising, paaië en behoorlike skole naby hul huise hê," sê President Zuma.

SUID-AFRIKA SE GOEIE VERHAAL

Die President het aan afgevaardigdes gesê verskeie goeie dinge het die afgelope 20 jaar van vryheid gebeur en die land het 'n goeie verhaal om te vertel.

"Dit is 'n verhaal van 'n doeltreffende regering wat omgee, wat verstandig en ywerig met skaars hulpbronne te werk gaan om wesentlike positiewe veranderinge in die lewens van mense teweeg te bring.

"Dit is 'n verhaal van goeie werk en sentrums van uitnemendheid wat oor die lengte en breedte van ons land ontwikkel het, in die provinsies en op plaaslike vlak."

Die President het plaaslike regerings aangemoedig om saam te werk en die lesse wat hulle geleer het, te deel.

"Daar is munisipaliteite wat doeltreffend

Vervolg op bl 2

Verbeter die gehalte van onderwys in SA

Allison Cooper

Die nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBO) werk hard om die gehalte van onderwys regdeur die land, veral wat wiskunde, wetenskap en tegnologie betref, te verbeter.

By die derde tafelronde van wiskunde, wetenskap en tegnologie (WWT) het die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, gesê hoewel baie nog gedoen moet word om leerderdeelname

en die slaagsyfer vir WWT te verbeter, is daar ongetwyfeld reeds wesentlike vordering gemaak.

Die departement het reeds 'n ten volle funksionerende en toegewyde direktoraat vir WWT in die lewe geroep wat aan die stuur staan van die verbeteringsplan vir WWT, wat reeds deeglik hersien is.

"Daar is planne om die voorwaardelike toelae vir Dinaledi- en tegniese skole in 'n nuwe toelaestelsel te omskep, genaamd die WWT Voorwaardelike Toelae. Samesprekings met die Tesourie in dié verband het reeds goed gevorder," sê sy.

Dinaledi is 'n inisiatief van die Departement van Basiese Onderwys en fokus veral op wiskunde en wetenskap.

Die DBO het voorts die WWT Big Fast Results-buro in die lewe geroep om 'n langtermynstrategie te ontwikkel om onderwysers se kennis van hierdie vakke te verbeter.

"Die WWT-buro sal meganismes ontwikkel om groter leerderdeelname te bevorder en sal 'n sektorplan finaliseer vir 'n sistematiese en verhoogde slaagsyfer," het Minister Motshekga gesê.

PAK UITDAGINGS AAN

Die Minister, en die Adjunkminister Enver Surty, het tydens die *New Age*-sakegesprek verskeie uitdagings aangaande WWT geopper. Dit sluit die verskaffing van hulpbronne, kapasiteit van onderwysers, monitering en ondersteuning in.

'n Ministeriële taakspan wat WWT ondersoek, het die uitdagings geïdentifiseer.

Die taakspan het ook bevind dat provinsies nie voldoende planne het vir eksterne ondersteuning of vennootskappe met die private sektor of nie-regeringsorganisasies (NRO's) nie.



Die Minister van Onderwys, Angie Motshekga.

Vervolg op bl 4



ALGEMEEN

Innoverende oplossings vir doeltreffende plaaslike regering

Ongezwa Manyathi

Die Minister van Same-werkende Regering en Tradisionele Sake, Pravin Gordhan, het afgevaardigdes by die Nasionale Byeenkoms van Lede van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (Salga) aangemoedig om meer met minder te doen.

In sy toespraak by die byeenkoms in Midrand het die Minister gesê: "Ons het baie finansiële beperkinge in Suid-Afrika. Die vraag is hoe doen 'n mens meer met minder. Vir die volgende paar jaar is dit al wat u gaan hoor."

Net soos die res van die wêreld het Suid-Afrika met moeilike ekonomiese uitdagings te kampe. Dit beteken die Regering in sy geheel, maar plaaslike regering in die besonder, sal met innoverende oplossings vorendag moet kom om dienste aan gemeenskappe te lewer.

Om munisipaliteite aan te spoor om oorspronklik te dink, het 'n paar munisipale verteenwoordigers hul innoverende oplossings met hul kollegas by die Salga-byeenkoms gedeel.

"Innovering is noodsaaklik om uitdagings in plaaslike regering die hoof te bied. Ons is 'n innoverende nasie met van die mees innoverende idees afkomstig uit die mees afgeleë dele van die land," sê die uitvoerende hoof van die Sentrum vir

Staatsdiensinnovering (SSI), Thuli Radebe. Sy sê die land sien jaar na jaar dié innovering tydens die SSI se toekenning-seremonies, met die grootste getal wenners afkomstig uit plaaslike regering.

INNOVERING BRING DIENSTE NADER AAN DIE MENSE

Verskeie munisipaliteite regoor die land gaan innoverend te werk om dienste aan hul gemeenskappe te lewer. Die eThekweni Munisipaliteit se water-en-sanitasie-eenheid (EWSE) is 'n voorbeeld hiervan.

Die EWSE bestuur die water en sanitasie in die eThekweni Munisipaliteit en het met onder meer die Bill en Melinda Gates-stigting en die Wêreldbank saamgewerk.

In 2014 het die eenheid die 2014 Stockholm Toekenning vir Waternywerheid vir die mees innoverende en progressiewe benutting van water in Afrika gewen. Die EWSE-vertegenwoordiger, Dave Wilson, het gepraat oor die gebruik van gemodifiseerde skeepshouers as gemeenskapsabluise-blokke om die uitdaging van sanitasie in informele nedersettings op te los.

Sowat 600 informele nedersettings baat by die tydelike abluisehousers.

"Die munisipaliteit het hierdie nedersettings vir toekomstige formele behuising-ontwikkeling geïdentifiseer," sê Wilson.

Tot op hede is 1 100 abluisegeriewe op 600 plekke regdeur eThekweni geïnstalleer. Een abluisegerief dien ongeveer 50 plakkershutte binne 'n radius van 200 m.

"Die munisipaliteit gebruik opsigtters en gemeenskapskakeelbeamptes om die abluisegeriewe in stand te hou. Die eenheid verskaf die toiletpapier en seep," sê Wilson.

Afgesien van werkskepping en kleinsake-ontwikkeling, beskerm die projek ook die gesondheid van die plaaslike gemeenskappe.

Die Stad Tshwane gaan ook innoverend te werk om die lewens van sy mense te verbeter deur middel van digitale tegnologie



Die eThekweni Munisipaliteit se water-en-sanitasie-eenheid gebruik gemodifiseerde skeepshouers om uitdagings van sanitasie in informele nedersettings in die provinsie aan te pak.

genaamd Projek Isizwe.

Projek Isizwe het tot dusver sowat 600 Wi-Fi-areas bekend gestel, wat dekking aan meer as 2 miljoen mense bied. Volgens die munisipaliteit sal 'n beraamde 3 miljoen mense gratis draadlose internettoegang teen die einde van 2015 hê.

"Internetverbinding moet as 'n basiese diens beskou word. Bevolkings raak al hoe jonger, wat beteken dat die Regering moet tred hou, veral wat jongmense betref," sê die Uitvoerende Burgemeester van Tshwane, Kgosientso Ramokgopa.

In November verlede jaar het die stad die Tshwane Wi-FiTV bekend gestel. Teen Februarie vanjaar het die stelsel reeds 1 miljoen kykers gelok.

Tshwane Wi-FiTV dek onderwerpe soos musiek, aktualiteit, entrepreneurskap, godsdiens, werk en sport.

"Die Wi-Fi-produksiespan was voorheen werkloos of het nie behoorlike werk gehad

nie," sê Ramokgopa.

Nog 'n innoverende stelsel wat die stad bekend gestel het, is DigiMbizo – 'n soort digitale izimbizo, soortgelyk aan dié wat die nasionale Regering oor die land heen hou om van aangesig tot aangesig met gemeenskappe te kommunikeer.

"DigiMbizo stel inwoners van die Stad Tshwane in staat om in die gemak van hul huise met die burgemeester te kommunikeer," sê Ramokgopa.

Lede van die gemeenskap kan ook van Twitter gebruik maak om vrae vir die Burgemeester te vra of hul kommer uit te spreek, aan die hand van #DigiMbizo of #AskRamokgopa vir onmiddellike reaksie.

Deur middel van DigiMbizo, kan die munisipaliteit sosiale groepe bereik wat gewoonlik nie op tradisionele forums bereik kan word nie, verduidelik Ramokgopa.

"Dit help ons ook om openbare sentiment te monitor en kwessies vinniger op te los."

Vervolg van bl 1

werk, wat doeltreffende politieke en administratiewe stelsels het asook sterk interne oudit- en finansiëlebestuurstrukture," sê President Zuma.

Hy sê voorts sodanige munisipaliteite het skoon administrasies waar die personeel aandag skenk aan die voorkoming van bedrog en risikobestuur toepas.

Hy sê sodanige munisipaliteite het geen verdraagsaamheid teenoor swak prestasie nie, en voer gereelde prestasie-oorsigte en regstellende maatreëls uit waar nodig.

"Dit is wat alle munisipaliteite behoort te doen, aangesien die plaaslike regering daar is om mense te dien. Dit is die kruis van die saak."

Hy het munisipaliteite geloof wat 'n verskil gemaak het om mense se lewens te verander. "Julle werk word erken en waardeer," het hy gesê.

Die President het 'n beroep op afgevaardigdes gedoen om harder te werk om Suid-Afrika 'n beter plek vir almal te maak.

"Ons moet harder werk om dienste soos waterinfrastruktuur, afvalbestuur en elektrisiteitsvoorsiening te lewer.

"Dit is eenvoudige, basiese dienste wat, indien dit behoorlik uitgevoer word, ons mense se ervaring van plaaslike regering aangenaam sal maak."

PROFESSIONALISERING VAN PLAASLIKE REGERING

Vir plaaslike regering om sy uitdagings die hoof te bied, moet dit deur professionele en kundige mense bestuur word.

Volgens President Zuma het die Regering ingegryp om professionaliteit en die bestuur van plaaslike regering te verbeter met die bekendstelling van wysigings aan wetgewing oor plaaslike regering soos die Wysigingswet op Munisipale Stelsels.

"Daar moet verseker word dat amptenare oor die nodige minimum vaardighede beskik," het hy gesê.

Die President sê hoof finansiële beamptes, ingenieurs en ander tegniese personeel moet vaardig en kundig wees.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Plaaslike Owerhede (Salga) het werk daarvan gemaak om te verseker dat daar behoorlike vaardighede in plaaslike regering is met die bekendstelling van pasgemaakte intreeprogramme, sodat raadslede hul rolle en verantwoordelikhede beter kan verstaan.

Volgens die voorsitter van Salga, Thabo Manyoni, het die organisasie 'n ontwikkelings-program vir uitvoerende leierskap suksesvol geïmplementeer.

TERUG NA DIE BASIESE BEGINSELS

Tydens die Presidensiële Beraad oor Plaaslike Regering, wat in September 2014 in Midrand gehou is, het amptenare van plaaslike regering ooreengekom om terug te gaan na die basiese beginsels om dienste van gehalte aan gemeenskappe te lewer.

Die Terug na Basiese Beginsels-program het ten doel om munisipaliteite te bou wat reaktief, sorgsaam en aanspreeklik is.

"Ons is daartoe verbind om te verseker dat munisipaliteite in staat is om water, elektrisiteit, parke en straatbeligting te kan voorsien, vullis te verwyder, slaggate te herstel en onderbrekings in dienslewering en faktuurprobleme op te los," sê hy.

Hy sê munisipaliteite moet ook duidelik kommunikeer en terugvoer aan die gemeenskappe gee wat hulle dien.

"Om terug te gaan na die basiese beginsels beteken ons moet weer kyk na tenderstelsels en om korrupsie binne die voerketting in plaaslike regering uit te roei."

Die President het benadruk dat munisipaliteite harder moet werk om programme wat

armoede verlig, soos die Gemeenskapswerk-program, wat vaardighede en werksgeleenthede bied, uit te brei.

"Terug na die basiese beginsels dwing munisipaliteite om aandag te skenk aan landelike ontwikkeling deur kleinsakeondernemings, koöperasies en kleinboere in landelike gebiede te ondersteun."

Hy het afgevaardigdes aangemoedig om hulself opnuut daartoe te verbind om al drie regeringsfere met ywer te dien.

"Ons moet altyd onthou dat doeltreffende


openbare administrasie nie 'n voorreg in 'n demokratiese gemeenskap is nie. Dit is 'n fundamentele reg."

Hy het benadruk dat al drie die regeringsfere daarna moet streef om aan die publiek se verwagtinge van dienslewering te voldoen deur te verseker dat dit betyds geskied en naby hul woonplekke plaasvind.

"Dienste moet doeltreffend gelewer word deur staatsdiensamptenare wat behoorlik opgelei is."

DIENSLEWERING IN SYFERS:


- 95 persent – die persentasie huishoudings met toegang tot 'n basiese vlak van water in 2012. Dit is 'n styging van 60 persent sedert 1994.



- 86 persent – die persentasie huishoudings met toegang tot elektrisiteit in 2014. Dit het van slegs 50 persent in 1994 gegroei.



- 83 persent – die persentasie huishoudings met toegang tot basiese sanitasie in 2014 – 'n styging van 50 persent sedert 1995.



- 9,1 miljoen – die aan-

tal huishoudings waar vullis in 2011 gereeld verwyder is – 'n styging van die 6,3 miljoen in 2001.



- 73 – die getal munisipaliteite waarvan meer as 90 persent van huishoudings elektrisiteit het. Voorheen was daar slegs een munisipaliteit waarvan meer as 90 persent van huishoudings elektrisiteit gehad het.



- 72 persent – die persentasie huishoudings waar vullis verwyder word. Dit is 'n verbetering van die 55 persent in 2009.





Vanaf die Uniegebou

'n Boodskap van die President

Staan saam teen aanvalle op buitelanders

Mede-Suid-Afrikaners, ons het onlangs skokkende en onaanvaarbare voorvalle van geweld teen buitelanders gesien in sommige dele van KwaZulu-Natal, wat nou ook na dele van Gauteng uitgebrei het. Soortgelyke voorvalle het in Januarie in Soweto plaasgevind.

Geen mate van frustrasie of woede kan ooit die aanvalle op buitelanders en die plundering van hul winkels regverdig nie.

Ons veroordeel die geweld in die sterkste moontlike terme. Die aanvalle skend al die waardes waarvoor Suid-Afrika staan, veral die respek vir menselewe, mense-regte, menswaardigheid en Ubuntu.

Ons land veroordeel alle onverdraagsaamhede soos rassisme, xenofobie, homofobie en seksisme ten sterkste.

Ons betuig ons meegevoel teenoor die families van almal wat gesterf het en wens die beseerdes 'n spoedige herstel toe.

Ons doen 'n dringende oproep om kalmte, 'n beëindiging van die geweld en selfbeheersing. Misdadige elemente moet nie toegelaat word om voordeel te trek uit ons landsburgers se kwelvrae om chaos en verwoesting te saai nie.

DIALOOG

Enige probleme of bekommernisse wat Suid-Afrikaners ervaar, moet op 'n vreedsame manier, deur gesprekvoering, opgelos word.

Die polisie het opdrag gekry om onvermoeid te werk om sowel buitelanders as Suid-Afrikaanse burgers te beskerm en plunderaars en diegene wat hulle aan gewelddadige optrede skuldig maak, in hegtenis te neem.

Ons noop gemeenskappe om die polisie te help deur inligting te verstrek oor die voorvalle wat in Gauteng en KwaZulu-Natal voorgekom het, sodat die oortreders voor die gereg gebring kan word.

Ons bedank godsdiensteleiers, nie-regeringsorganisasies en ander belanghebbers wat humanitêre hulp aan die ontwortelde mense verleen.

Ofskoon ons die aanvalle ten sterkste veroordeel, is ons bewus van, en staan ons simpatiek teenoor, sommige van die kwessies wat deur die geaffekteerde Suid-Afrikaners geopper is.

Ons herbeklemtoon ons siening dat Suid-Afrikaners in die algemeen nie xenofobies is nie. Indien hulle xenofobies was, sou ons nie so 'n groot aantal buitelandse burgers gehad het wat suksesvol in gemeenskappe regoor ons land, in dorpe, stede en nedersettings geïntegreer is nie. Daar is bepaalde sosio-ekonomiese kwessies geopper, wat aandag geniet.

Dit sluit in klagtes oor onwettige en ongedokumenteerde immigrante in die

land, die toename in die aantal winkels of klein sakeondernemings wat deur buitelanders oorgeneem is, en oor persepsies dat buitelanders hulle aan misdaad skuldig maak.

Ons wil dit beklemtoon dat, hoewel sommige buitelandse burgers wel al vir verskeie misdade gearresteer is, dit misleidend en verkeerd is om alle buitelandse burgers in hierdie land as misdadigers te brandmerk.

Boonop is nie alle buitelanders wat in ons land woon, onwettig hier nie.

Talle is wettig in die land en lewer 'n bydrae tot die land se ekonomie en maatskaplike ontwikkeling. Baie dra vaardighede by wat skaars is, wat ons help om die ekonomie te ontwikkel en is baie welkom om in ons land te woon.

Ander het as vlugtelingen na Suid-Afrika gekom, om te ontkom aan konflik of oorloë in hul lande van oorsprong, net soos baie Suid-Afrikaners in die een of ander stadium ook ons land verlaat het om in ander lande op die vasteland, en elders, te gaan bly.

Ons is met gulheid, waardigheid en respek deur ons broers en susters op die res van die vasteland behandel. Ons sal nooit daardie gasvryheid en eensgesindheid vergeet nie.

Die ondersteuning van die frontlinie-state in Suider-Afrika en dié van die Organisasie vir Afrika-eenheid was van deurslaggewende belang vir die bereiking van die vryheid en demokrasie wat ons vandag geniet.

VERANTWOORDELIKHEDE

In dié verband sal die Regering voortgaan om sy rol te vervul en ons verantwoordelikhede en verpligtinge as lede van die Afrika-Unie en die Verenigde Nasies na te kom.

Steun sal aan vlugtelingen en asielsoekers verleen word ooreenkomstig volkereg en internasionale protokolle, met die ondersteuning van die Verenigde Nasies se Hoëkommissaris vir Vlugtelingen.

Ons doen 'n beroep op ons mense om vlugtelingen en asielsoekers te beskerm.

Gedurende die naweek het ek die Ministers van Polisie, Staatsekuriteit en Binnelandse Sake ontplooi om met die KwaZulu-Natalse provinsiale regering saam te werk om die geweld onder bedwang te bring en die situasie te normaliseer. Hulle het hulle goed van hul taak gekwy, maar die probleem vereis 'n veel meer omvattende en volhoubare langtermyn-ingryping.

Ek het die Groepering vir Justisie, Misdaadvoorkoming en Sekuriteit ontplooi om hierdie kwessie intensief aan te pak, tesame met die

Ministers van Maatskaplike Ontwikkeling, Handel en Nywerheid en Kleinsakeontwikkeling.

Die sekuriteitsgroepering en ekonomiese departemente het reeds ná die Soweto-voorvalle in Januarie aan die saak begin werk.

GEMEENSAPPE

Ek het hulle nou opdrag gegee om vinniger te werk en met geaffekteerde gemeenskappe, organisasies wat buitelandse burgers verteenwoordig, sakeondernemings, nie-regeringsorganisasies en ander belanghebbers in gesprek te tree om die vraagstukke aan albei kante aan te pak.

Die oogmerk is om toekomstige voorvalle te vermy deur verhoudings te verbeter en vreedsame naasbestaan tussen Suid-Afrikaanse burgers en ons broers en susters binne die vasteland, asook ander buitelandse burgers, te bevorder.

Ons sal ook 'n beroep doen op die samewerking en ondersteuning van die geaffekteerde

buitelandse sendings wat in Suid-Afrika gebaseer is. Die Minister van Binnelandse Sake het onlangs met die Afrika Hoof van Sendings in dié verband vergader.

Die Minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking het ook op 17 April hierdie kwessie bevorder in haar gesprekke met die Afrika Hoof van Missies.

Ons versoek ons parlamentslede om ook in hul kiesafdelings met ons saam te werk om betrekkinge te verbeter en vreedsame naasbestaan tussen ons mense en buitelanders te bevorder.

Maatreëls word ook geïmplementeer om beheer te versterk en immigrasie na ons land beter te reguleer.

In dié verband maak die Regering voordele met die instelling van die Agentskap vir Grensbestuur, wat die grensomgewings en alle hawes van binnekoms sal bestuur.

Die Departement van Binnelandse Sake se kapasiteit word verbeter om dit in staat te stel om migrasie-kwessies beter te kan hanteer, veral by grensposte.

In dié verband sal die SANDF 350 soldate na Binnelandse Sake oorplaas om as immigrasie-beamptes by grensposte te werk.

Hierbenewens het die SANDF ook militêre personeel langs die grenslyne in sewe provinsies ontplooi om grensmisdaadaktiwiteite en onwettige grenskruisings te voorkom.

Mede-Suid-Afrikaners, Ons doen 'n dringende beroep op julle almal om kalmte en selfbeheersing aan die dag te lê.

Ons doen ook 'n dringende beroep op dié

van julle wat sosiale media gebruik om nie die vlamme van geweld op Facebook, Twitter en ander platforms aan te blaas nie.

Ons deel almal die verantwoordelikhede om sosiale samehorigheid, vreedsame naasbestaan en goeie men-severhoudings in die land te bevorder.

Buitelandse burgers help ons om 'n kosmopolitiese atmosfeer te skep, en ons verwelkom hul teenwoordigheid. Ons wil ook graag 'n styging in toerismesyfers uit Afrika-lande sien, en die talle sakegeleenthede deel ter bevordering van volhoubare ekonomiese groei op die vasteland.

AFRIKA-IDENTITEIT

Die Afrika-maandfeesviering in Mei bied 'n geleentheid om ons Afrika-identiteit en goeie betrekkinge met ons broers en susters uit die vasteland verder te bevorder.

Ons sien uit na die viering van Afrika-dag in elke provinsie op 25 Mei 2015.

Landgenote, ons versoek almal nederig om te kalmteer.

Xenofobiese aanvalle word ten sterkste ontmoedig in ons land.

Gedurende ons vryheidstryd het ons hulp en bystand van soveel verskillende lande ontvang. Die mense van daardie lande het ons nooit weggejaag of swak behandel nie.

Ons het klagtes ontvang dat sommige buitelanders nie oor die nodige permitte beskik om in Suid-Afrika te mag wees nie.

Daarbenewens kla ons mede-landsburgers ook oor die misdadige aktiwiteite waaraan sommige buitelanders hulle skuldig maak, en beskuldig hulle ook daarvan dat hulle Suid-Afrikaners van sake- en werksgeleenthede ontsê.

Die Regering luister na al hierdie griewe en sal beslissings aanadag daaraan gee. Maar ons herbeklemtoon ons posisie dat dit geensins 'n verskoning is om die geweld te goed te keur nie. Ons ontmoedig hierdie tipe geweld in al sy vorme.

Ons as regering doen die nodige stappe om sekuriteit en toegangsbeheer op al ons landsgrense te verbeter om te verseker dat geen buitelandse burger onwettig ons land binnekom nie. Ons het amptenare van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag op ons grense ontplooi om die Departement van Binnelandse Sake te help om hierdie kwessie op te los.

Kom ons werk saam om ondersteuning te bied aan alle buitelandse burgers wat deur hierdie geweld geraak is.

'N BETER AFRIKA

Die Vryheidsmanifes sê dat daar vrede en vriendskap sal wees. Ons verantwoordelikhede is om hierdie nalatenskap van vreedsame naasbestaan aan te moedig en te bevorder.

Ons herbevestig ook ons verantwoordelikhede om 'n bydrae tot 'n beter Afrika en 'n beter wêreld te maak.

Kom ons werk saam om ons land 'n beter plek te maak, vir almal wat hier woon.

"Ons het almal 'n verantwoordelikheid om sosiale samehorigheid, vreedsame naasbestaan en goeie betrekkinge in die land te bevorder."

STOP ATTACKS

Opening the doors of learning and culture from Cape to Cairo





ONDERWYS

Die veranderende voorkoms van SA skole



Die Regering bou tans skole waar leerders kan groei en onderwysers geïnspireer word om te onderrig. Hierdie skole sal help om standaarde te verhoog en 'n beter toekoms te bou.

Amukelani Chauke

Sowat drie jaar gelede het die Regering hom op 'n ambisieuse doelwit toegespits om van moderskole ontslae te raak en die leeromgewings van Suid-Afrikaanse kinders te verbeter.

Minder as drie jaar later het die Departement van Basiese Onderwys net meer as 100 skole oor die hele land bekend gestel.

Die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, het onlangs die 99ste gesloopte en nuut geboude skool in Riverton in die Wes-Kaap oorhandig.

Die Minister sê die oorhandiging van Laerskool Valhalla was nie net 'n mylpaal nie, maar ook belangrik in die sin dat dit 'n bevorderlike omgewing vir leer en onderrig vir leerders en onderwysers skep.

"Dit gaan veelsydige infrastruktuur in die gemeenskap vestig wat ook as 'n stadsaal vir die gemeenskap sal dien. Dit sal dus goeie betrekkinge tussen die skool en die gemeenskap skep. Dit beteken ons skep ook 'n bate vir die gemeenskap.

"Vir ons is dit 'n bate wat ons na die gemeenskap wil bring. Dit is lewenslange infrastruktuur wat vir ons kinders 'n omgewing skep wat bevorderlik is vir werk en leer en al die nodige geriewe het wat 'n skool moet hê," sê sy.

Die oorhandiging was deel van die R8,2

miljard se Versnelde Inisiatief vir Skole-infrastruktuurontwikkeling (VISIO).

VISIO is 'n omvangryke program van openbare-private vennootskap wat daarop gemik is om sowat 510 swak geboude skole landwyd te vervang.

Laerskool Valhalla, wat in 1980 gebou is, is gesloopt en van nuuts af teen 'n koste van R34 miljoen gebou.

Waar die skool in 2006 slegs 600 leerders kon huisves, het dit nou plek vir 1 047 leerders in 32 klaskamers en spog met 'n biblioteek en laboratorium.

'n Nuwe sokkerveld gaan gebou word waar die ou struktuur was.

Andrew Lochner, die skoolhoof, sê die nuwe skool gaan leerstandaarde verhoog.

"Dit gee ons die nodige hoop om 'n beter toekoms te bou en hoewel ons in Elsiesrivier is, hoef ons nie met middelmatigheid tevrede te wees nie.

"Ons moet leerders vertel en bewys dat ons

ons standaarde moet verhoog en 'n beter toekoms moet bou," sê hy.

Hy sê voorts die skool is die trots van die gemeenskap, en hy was opgewonde om te hoor dat die skool deel van die VISIO-program was.

"Ons gaan ons leerders onderrig en ons hoop hulle sal hierdie gebou waardeer en dat dit hulle as leerders sal ophef. Hulle moenie wag vir iets om te gebeur nie. Hulle moet 'n punt bereik waar hulle kan sê: "Ek sal my deel doen om dinge te laat gebeur," sê Lochner.

Intussen het die departement in April vanjaar die 100ste skool in Kroonstad in die Vrystaat as deel van die VISIO-program oorhandig.

Die skool is na Dorrington Matsepe, die vader van die voormalige Minister van Kommunikasie, dr Ivy Matsepe-Casaburri, vernoem.

Dit is in 1992 gestig en het met 500 leerlinge en 15 onderwysers begin. Vandag het die skool 1 100 leerlinge.

Die meeste leerlinge by die skool is weeskinders, maar ondanks hierdie uitdagings, presteer die skool goed in die jaarlikse nasionale assesserings (JNA). Verlede jaar het die skool 'n brons medalje in wiskunde (60-69 persent) behaal en is een van die 50 top skole in die provinsie.

Vinnige feite

- 106 skole is tot op datum voltooi:
 - 84 in die Oos-Kaap
 - 11 in die Wes-Kaap
 - 4 elk in Mpumalanga en die Vrystaat
 - 2 in Limpopo
 - 1 in die Noord-Kaap
- Water: 318 skole het vir die eerste keer water gekry.
- Sanitasie: 351 skole het vir die eerste keer behoorlike sanitasie gekry.
- Elektriesing: 279 skole het vir die eerste keer krag.



Minister Angie Motshekga en Adjunkminister Enver Surty stippel die departement se plan uit om onderwys in die land te verbeter tydens 'n ontbytssessie van die New Age-koerant.

Organisasies soos TeachSA gaan ook 'n deurslaggewende rol speel om 'n plan te ontwikkel vir die werwing, gebruik en ontwikkeling van onderwysers om die getal leerders wat WWT neem, te verhoog, asook om hul deelname en prestasie te verbeter.

Die WWT-tafelronde skep ook 'n platform om inligting te deel en samewerking en vennootskappe met NRO's te verbeter.

Die derde WWT-tafelronde het ooreengekom om:

- die nasionale WWT-strategieplan te verbeter
- deelname en die slaagsyfer in WWT te verbeter
- 'n raamwerk vir vennootskappe tussen die staat en die privaat sektor te skep om in samewerking met die NSTO aandag aan skole te skenk
- 'n omvattende plan vir die werwing, benutting en ontwikkeling van onderwysers in WWT in vennootskap met TeachSA te bied
- verskillende maniere te vind om inligtingskommunikasietegnologie (IKT) te benut om deelname en sukses van skole te verbeter.

BENUTTING VAN IKT TOT VOORDEEL VAN SKOLE

Inligtingskommunikasietegnologie (IKT) is ook 'n sterk departementele fokusarea, veral in landelike skole, wat 25 persent van alle skole oor die hele land uitmaak.

Die DBO is besig om sommige van die kleiner, nie-lewensvatbare, landelike skole te sluit en ondersteuning aan lewensvatbare

skole te gee en IKT bekend te stel waar meer as een graad in een klas geakkommodeer moet word.

"Die strategie bestaan uit verskeie afdelings," sê Minister Motshekga.

Adjunkminister Surty sê die departement werk tans saam met sy provinsiale departemente om te verseker dat onderwysdistrikte datagedrewe is.

"Ons weet hoe elke leerder in terme van geletterdheid en gesyferdheid presteer en ons kan prestasie meet. Ons het meer as 10,8 miljoen leerders op die stelsel vasgelê. Dit is daarop gemik om teen die einde van die jaar 'n universele databasis van elke leerder in die land te hê. Dit sal distrikte help om geskikte besluite te neem wat op bewyse geskoei is."

In die Oos-Kaap het minder as 18 persent van skole 'n internetverbinding gehad, wat dié skole verhinder het om die Suid-Afrikaanse Skolebestuurstelsel te gebruik.

"Vandag is meer as 92 persent van hierdie skole aan die internet gekoppel en data is toeganklik," sê Adjunkminister Surty.

'n Aantal onderwys-LUR'e was ook by die New Age-ontbytssessie. Die Gautengse LUR vir onderwys, Panyaza Lesufi, het 'n beroep op ouers gedoen om die "ruggraat van ons skole te wees en deel te wees van skoolbeheerliggame".

"Dit is u keuse. Die onus berus by u. Maak uself beskikbaar," het hy gesê.

Die Mpumalangase LUR vir onderwys, Reginah Mhaule, het gepraat oor hoe die provinsie in sy onderskeie distrikte saamwerk om die gehalte van onderwys te verseker.

"Ons is besig om nie-volhoubare, veelgraad-plaasskole te sluit, maar nie almal nie, aangesien dit iets is wat 'n paar jaar sal duur.

Vervolg van bl 1

"Dit het dikwels 'n stortvloed NRO's in skole tot gevolg, maar hul betrokkenheid word nie gekoördineer nie. Hulle identifiseer dikwels skole sonder behoorlike betrokkenheid en kennis van die departement en tree direk met die betrokke skoolhoofde in verbinding," sê

Minister Motshekga.

"Om dié rede het die Raad van Onderwysministers in Augustus 2014 opdrag gegee dat beter koördinering van vennootskappe moet geskied om optimale voordeel te verseker. Die Nasionale Samewerkingstrust vir Onderwys (NSTO) gaan 'n belangrike rol speel in die koördinering van sodanige vennootskappe," sê sy.

GESONDHEID

Die Regering pak TB

Bathandwa Mbola

Die Regering het 'n massatuberkulose-toetsveldtog van stapel gestuur wat oor drie jaar sal strek om die aantal nuwe infeksies en sterftes te verminder.

Adjunkpresident Cyril Ramaphosa en dr Aaron Motsoaledi, Minister van Gesondheid, het die veldtog op Wêreld-TB-dag op 24 Maart in Noordwes afgeskop.

Suid-Afrika word wêreldwyd die derde meeste geraak. Die siekte is steeds die grootste oorsaak van dood in die land ondanks die feit dat dit geneeslik en voorkombaar is.

Die siekte veroorsaak jaarliks 120 000 sterftes. Die Regering wil hierdie getal tot minder as 20 000 afbring.

As deel van die veldtog sal die Regering op kwesbare groepe fokus wat 'n hoër risiko van TB-infeksie het. Dit sluit in gevangenes, mynwerkers, myngemeenskappe en kinders, veral dié wat jonger as vyf jaar is.

"Die swak sosio-ekonomiese toestande in gemeenskappe, veral swak behuising en gebrekkige voedsel, bied 'n teelaarde vir siektes soos TB. Kinders is veral kwesbaar," het Adjunkpresident Ramaphosa tydens die bekendstelling van die veldtog gesê.

Hy sê vroeëkindontwikkeling (VKO) kan help om infeksies onder kinders te verminder en beter opsporing bewerkstellig.

Die Regering het ook ses prioriteitsdistrikte vir die veldtog geormerk. Dit is Lejweleputswa in die Vrystaat, die Wes-Rand in Gauteng, Sekhukhune en Waterberg in Limpopo en Bojanala, en Dr Kenneth Kaunda in Noordwes.

Die toetsprojek sal in fases uitgevoer word. Adjunkpresident Ramaphosa sê in die eerste jaar van hierdie drie-jaar-veldtog gaan die Regering minstens 135 000 gevangenes en tot 'n halfmiljoen mynwerkers toets.

"In hierdie ses distrikte wil ons sowat 5 miljoen gemeenskapslede en 1,2 miljoen kinders in skole, VKO-sentrums en crèches toets."



Adjunkpresident Cyril Ramaphosa inspekteer 'n TB-toetsmasjien. Meer as 200 gesondheidswerkers is opgelei in middelweerstandige-TB-medikasie.

Die Regering het reeds 59 000 gevangenes getoets.

"Dit is 'n derde van alle gevonniste oortreders en verhoorafwagende gevangenes. Die program is op koers om teen Maart 2017 meer as 90 persent te toets," sê Adjunkpresident Ramaphosa.

Die program het ook reeds 140 000 gemeenskapslede in die ses distrikte getoets.

Nege inspekteurs is aangestel om die Departement van Gesondheid te help om toesig te hou oor die voorsiening van TB-dienste deur die myne.

In die tweede jaar van die veldtog gaan daar 'n bykomende fokus op stadsrade wees. In die derde jaar sal die Regering die Oos-Kaap, Gauteng, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap op sy lys byvoeg.

Om te verseker dat TB-pasiënte by hul behandeling hou en voltooi, gaan die Regering 'n stelsel op die been bring om pasiënte wat

hul behandeling gestaak het en hul kennisse op te spoor.

Meer as 200 verpleegsters is opgelei om middelweerstandige-TB-medikasie aan pasiënte op gedesentraliseerde plekke te gee.

Suid-Afrika het tans 298 van hierdie gedesentraliseerde plekke.

Die Adjunkpresident sê die veldtog sal ook daarop fokus om dienste nader aan gemeenskappe te bring, aangesien dit geriefliker vir pasiënte is en 'n beter prognose tot gevolg het.

Die fokus van die veldtog is nie beperk tot 'n toetsproses en die behandeling van TB nie, sê hy.

"Ons fokus ook op die vermindering van infeksie. Alle Suid-Afrikaners kan help om infeksie te verminder," sê die Adjunkpresident. Hy voeg by dat iets so eenvoudig soos om jou hand voor jou mond te hou wanneer jy hoës 'n groot verskil kan maak.

Jou bloed kan 'n verskil maak

Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens

Baie mense besef nie om bloed te skenk kan 'n wêreld se verskil aan die lewens van ander maak nie. Die skenking van 'n eenheid bloed is 'n belangrike en broodnodige diens wat lewens kan red. Deur bloed te skenk, help skenkers om die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD) om genoeg bloed in voorraad te hê wanneer iemand dringend 'n bloedtoertapping nodig het.

In Suid-Afrika vind 'n bloedtoertapping elke 48 sekondes plaas. Ons het jaarliks 'n minimum van 810 000 eenhede bloed nodig om aan die vraag te voorsien.

'n Bloedtoertapping is 'n lewensreddende mediese prosedure wat gedoen word om verlore bloed tydens 'n operasie of weens 'n ernstige besering te vervang. 'n Bloed-oortapping kan ook gedoen word as jou liggaam weens siekte nie genoeg bloed kan vervaardig nie.

Die SANBD is 'n nie-winsgewende organisasie wat menslike bloed vir oortapping in Suid-Afrika verskaf. Die organisasie het 'n skenkerbasis van slegs 432 000 – minder as 1% van die bevolking. Dit beteken meer skenkers is nodig, veral omdat die SANBD slegs op skenkers staatmaak om lewens te help red.

WIE HET BLOED NODIG?

Daar is daagliks 'n vraag na bloed en baie pasiënte het weekliks 'n bloedtoertapping nodig om aan die lewe te bly. Pasiënte wat bloedtoertappings nodig het:

- vroue wat weens swangerskap-komplikasies bloei
- kinders met ernstige bloedarmoede
- ongelukslagoffers
- kankerpatiënte of mense wat operasies moet ondergaan.

JY KAN NIE BLOED SKENK AS JY:

- lae bloeddruk het nie
- hoe bloeddruk het nie
- lae hemoglobienvlakke (yster) het nie
- swanger is
- onlangs 'n operasie gehad het nie.

IS DAAR ENIGE RISIKO'S?

Daar is geen risiko's om bloed te skenk nie. A vingerpriktoets word gedoen om seker te maak dat jou ystervlak veilig is om bloed te skenk.

Die materiaal wat vir bloedskenking gebruik word, insluitend die naald, bloedsakke, buise en vingerpriknaald is nuut, steriel en weggooibaar. Dit word ná gebruik in spesiale houers weggegooi en vernietig.

Mense wat 'n onveilige lewenstyl voer, soos onveilige seks met verskeie maats, onveilige seks tussen mans of die neem van binnearse dwelms word aangeraai om nie bloed te skenk nie.

WENKE VOOR SKENKING:

- Eet minstens vier ure voor jy bloed skenk 'n gebalanseerde maaltyd.
- Maak seker dat jy geskik is om bloed te skenk.

WENKE NA SKENKING:

- Eet genoeg en verhoog jou vloeistofinname vir vier tot ses uur.
- Moet vir minstens 30 minute nie rook nie.
- Moet vir minstens twee uur geen swaar voorwerpe met jou skenker-arm ophang nie.

Hoë bloeddruk: Die stille moordenaar

Die Staatsdiens se Mediese Fonds (GEMS)

Die meeste mense wat aan hoë bloeddruk ly, weet dit nie eens nie.

Hoë bloeddruk, of hipertensie, raak wêreldwyd meer as een uit drie volwassenes en volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie is dit verantwoordelik vir nagenoeg 50 persent van alle sterftes weens beroerte en hartsiektes.

"Hoë bloeddruk is wanneer die bloeddruk in jou are hoog bly. Dit is 'n baie algemene toestand ... Dit is nie net gespanne mense wat daaraan ly nie," sê dr Stan Moloabi, Uitvoerende Hoof: Gesondheidsbestuur by Die Staatsdiens se Mediese Fonds.

"Mense kan jare lank onwetend aan hoë bloeddruk ly. Dit is hoekom dit so gevaarlik is."

Wêreldhipertensiedag word op 17 Mei gehou wanneer gesondheidsorganisa-

sies en regerings wêreldwyd bewustheid oor die siekte skep.

Die siekte kan ook nierversaking, oog-siektes en demensie veroorsaak.

BLOED: DIE LEWENSAAR VAN JOU HART

Dr Moloabi verduidelik dat elke keer wanneer 'n mens se hart klop, bloed deur die are in die liggaam gepomp word. Bloeddruk is die krag van die bloed wat teen die aarwande druk.

"Hierdie krag is belangrik aangesien jou bloed suurstof en voedingstowwe deur die hele liggaam moet lewer. As die druk egter hoog is, moet die hart harder werk. Dit kan die bloedvate beskadig en gesondheidsprobleme veroorsaak."

Baie faktore kan bloeddruk raak.

"Hoe ouer 'n mens word hoe groter word die risiko vir hoë bloeddruk, aangesien die bloedvate minder buigsaam word, veral as 'n mens 'n familiegeskiedenis van hoë bloeddruk het.

"Hoewel daar nie veel is wat 'n mens aan hierdie twee faktore kan doen nie, is daar lewenstylkeuse wat 'n mens beslis kan beheer. Dit sluit aspekte in soos jou

gewig, eetgewoontes en rookgewoontes en die inname van alkohol en sout."

KEN JOU TELLING

Dr Moloabi benadruk die belangrikheid van 'n bloeddruktoets.

"Jy moet elke een tot twee jaar jou dokter vra om jou bloeddruk te toets, sodat jy seker is jou bloeddruk is binne die normale grense van 120 oor 80."

Dr Moloabi sê as 'n mens diabetes, hartsiektes of nierprobleme het of as jou vorige bloeddruklesing hoër as 120 oor 80 was, moet jy jou bloeddruk minstens een keer per jaar laat toets.

HOE OM HOË BLOEDDRUK TE BEHANDEL

Hoewel 'n mens hoë bloeddruk suksesvol kan behandel, kan eenvoudige lewenstylverandering ook hoë bloeddruk keer:

- verminder jou soutinname
- oefen gereeld
- eet gesond
- hou jou gewig dop
- moenie te veel alkohol drink nie
- moenie rook nie
- verlaag jou stresvlakke.